CRADOCK-OOS

A DIE GESPREKKE SELF

1. Al die wyke het vergader

2. Slegs Belharbelydenis (die Begeleidende Brief is reeds by 'n vorige geleentheid beskikbaar gestel)

B GESPREKKE OOR DIE KONFESSIONELE BASIS

Algemene konsensus - enkele groepe onseker oor die relevansie van Belhar - enkele groepe voel Belhar het politieke ondertone en is eensydig opgestel - enkele persone voel Belhar moet glad nie deel van die konfessionele basis wees nie - enkele persone vrees dat Belhar in die toekoms afgedwing sal word - een groep oordeel dat 'n herenigde kerk self haar eie eietydse belydenisskrif saamstel - deelnemende kerke moet waak teen onverantwoordelike uitsprake

C DIE MODEL

Algemene konsensus - assosiasie van streeksinodes by een algemene sinode vind by sommiges aanklank - streeksinodes behou dan hul name - sommiges vrees dat Alg Sinode sake op gemeentes sal afdwing - gevoel van verlies van eie en vrees vir getalle-oorheersing by sommige - gesonde bestuurs- en finansiele dissipline in nuwe kerk noodsaaklik - moedertaalgebruik baie belangrik - begrippe assosiasie en regspersoonlikheid nie vir almal duidelik

D GESAMENTLIKE PROJEKTE

Algemene konsensus - 'n enkele groep verkies dat elke gemeente slegs eie projekte loods - gesamentlike projekte mag nie selfstandigheid en selfwerksaamheid van gemeentes in gedrang bring nie - eie nood en behoeftes moet ook aangespreek word - loodsgemeentes moet vrywilliglik gevorm word

E VERSOENINGSPROSESSE

Algemene konsensus - enkele groepe oordeel dat die kulturele verskeidenheid ook erkenning moet geniet - een groep wil nie gedwing word om weer verskoning te vra nie - dieselfde groep spreek vrees vir magsoorheersing uit en betwyfel die bone fides van sekere deelnemende kerk - een groep wil die proses eers duidelik uitgespel he - een groep voel dat versoening van alle kante moet kom

F MOONTLIKE NAAM VAN 'N NUWE KERKVERBAND

Vele groepe voel dat die naam Nederduits Gereformeerde Kerk ook die naam van die herenigde kerk behoort te wees - Verenigde NG Kerk - Algemene Christelike Kerk - Suiderkruiskerk van Jesus Christus